SAWA Streek

Rietvallei Kampprogram

Corona Kamp

17-19 April 2020

KAMPGELDE – Duidelike fotos geneem as bewys van bywoning aan Magda - fotos en beskrywing – van alle naweek aktiwiteite

Neem kennis dat jy getoets gaan word by die oord met aankoms. Ons moet seker maak dat geen een van die kampers siek is of siek word nie.

Vrydag:

18h00: Onthou asseblief om jou hande deeglik te was vir 20 sekondes met seep en water.
Ons spuit ook almal se hande met 'n "sanitiser" as jy jou vetkoek kom haal.

Vetkoek met maalvleis en kaas en konfyt

18h30: Boekevat.
Elkeen by sy eie woonwa. Ons sing saam lied nommer 3. Vers 1 en 3. Lees saam Psalm 91. Sluit af met lied nommer 36.

Saterdag:

06h00 Dagbesoekers arriveer by oord. Daar is reeds gereël vir parkering vir julle.
Bring asseblief jou piekniekmandjie met die nodige vir die dag se lekker uitspan en kuier.

07h00 Vrywillige staproete in oord tuin . Onthou jou kamera.
Ko mons kyk hoeveel voëls ons kan afneem en identifiseer.
Sal ongeveer 09h00 terug wees by die kamp. Betyds vir ontbyt.

09h00 Ontbyt.
Onthou om jou Hande te was.20 sec lank. "Sanitisers" staan oral op die tafels. Gebruik gerus daarvan.
Elkeen bring sy eie alles en ons kuier lekker saam, elkeen by sy eie tafeltjie. (2 meter uitmekaar) Gelukkig is daar genoeg spasie.

13h00 Trek jou dansskoene aan en kom sokkie saam op maat van boeremusiek (onthou 2m distansie – geen vas dans nie,)
Pretoria FM tot en met 14h00.
Onthou die melktert en gemmerbier.

18h00 Boekevat
Sing saam lied nommer 35. Lees almal saam Psalm 23. Sluit af met lied 36.

18h30 Vure is reg vir die eerstes wat wil braai. Nou gaan ons braai.
Onthou om jou Hande te was.20 sec lank. "Sanitisers" staan oral op die tafels. Gebruik gerus daarvan.

19h00 Die oord het spesiale vergunning verleen dat ons tot na 23h00 kan kuier.
Geen harde musiek na 24h00.

Sondag:

Onthou om jou Hande te was.20 sec lank. "Sanitisers" staan oral op die tafels. Gebruik gerus daarvan.

9h00 :

Ons luister saam na die oggend erediens.

Pretoria FM 104.2

Afsluiting na die diens.

Bring asb. 'n bordjie eetgoed saam dan kuier ons weereens heerlik.

Oord fasiliteite : Daar is wel 'n warm swembad, maar swem word nie toegelaat nie. Geen wegneem etes beskikbaar nie. Verskeie wandelpaaie in die lower groen tuin van die oord. Jy kan ook rustig onder die bome kuier.

TROETELDIERE WORD TOEGELAAT IN DIE OORD

Versoek vanaf Bestuur:

Laat weet asseblief voor Donderdag 16 April wie gaan die kamp bywoon en wie gaan deurkom as dagbesoekers (magdabritz@gmail.com of 082 083 9295)

Onthou ook die nodige handskoene en maskers. Ons wil mos nie nou siek word nie !

Indien jy nie masker het nie kan bestel word by Annatjie Maritz – 083 302 9242.
Sy sal sommer by die kamp vir jou gee teen billike betaling.

Kampkommandante

Rietvallei Bestuur

Veilig Sleep!

Corona Kamp Plaatjie sal verskaf word

SINCE 2016
THE CHEFFING BOYS

Ons doen Spyseniering enige plek enige dag – as die Corona verby is..

Spitbraais, Potjiekos funksies, Buffet etes en "Snack Platters

078 094 7436

pieter@thechef-boys.co.za